Hoe om ’n roomys-horinkie-nagereg te maak

Graad R tot 12

Hierdie nagereg kom van die Seekoeie van Dirkie Uys kommando. As mens na die bestanddele kyk dan weet jy dit gaan baie lekker wees!

Onderwerp: kosmaak

Stappe

Wat het jy nodig?

- 1 roomyshorinkie
- 3 astro’s
- 1 snytjie bar one (1 cm dik)
- 1 blokkie milky bar
- 7 mℓ (1 opgehoopte teelepel) karamelkondensmelk
- 1 malvalekker



Pak van onder in die roomyshorinkie, in die volgende volgorde:

3 astro’s, bar one, milky bar, karamelkondensmelk en malvalekker.

Draai in foelie toe met die blinkkant na binne.

Plaas naby aan die kole. Draai gereeld sodat alle kante naby kole is.

Die roomyshorinkie is reg as die sjokolade en malvalekker gesmelt is.

Videos

Hoe om 'n roomyshorinkie-nagereg te maak